# RANDJIENUUS

## 24 APRIL 2026

### 60 JAAR VAN RANDJIE-WEES!

Wat 'n ongelooflike viering van 60 jaar!

Ons het die naweek se vieringe met 'n **koekversieringskompetisie** afgeskop – vol kreatiwiteit, pret en Randjie-gees! Die leerders is met 'n ongelooflike optrede deur **Eloff** verras! Wat 'n besonderse aand van saamwees, saamlag en saamdans by **ouerwynproe-aand** – 'n viering van die hede én die kosbare herinneringe van die verlede! Dankie aan elke ouer, leerder en alumni wat deel was van hierdie spesiale dag – dit was wonderlik om soveel bekende en nuwe gesigte saam te sien. Baie dankie ook aan al die kunstenaars en betrokkenes wat met hul passie en talent 'n onvergeetlike atmosfeer by ons **Musiekfees** geskep het. Julle het die dag werklik besonder gemaak. Ons sluit ons ons 60-jaar fees met 'n mooi **danksegginsdiens** af. Ons harte is vol dankbaarheid vir 'n gemeenskap wat so mooi saamstaan. Op die volgende hoofstuk!



# OPEDAG 2026 (MATRIEKS VAN 2031)

Aan elke leerder en ouer wat ons **Opedag** bygewoon het – baie dankie dat julle deel was van ons dag. Dit was wonderlik om julle hier te hê en saam iets van ons skool se hart en gees te kon deel. Ons hoop opreg dat julle die dag geniet het en dat daar dalk al 'n klein ietsie in julle begin het wat sê: **"Hier hoort ek."** Ons glo sommer julle harte klop klaar blou! Ons sien uit daarna om julle weer te sien… en binnekort as deel van ons familie – die Bloumasjien!



## STUDENTEFORUM BESOEK AAN *CASA DO SOL*

Die **Tradisie en Gemeenskapslede van die Studenteforum** het op 17 April 2026 *Casa Do Sol* se koffiewinkel gaan ondersteun. Ons is nie net behoorlik met heerlike koffie en koek bederf nie, maar het ook gesien watter uitsonderlike werk die personeel van hierdie skool doen om hulle kinders te bemagtig. Ons het groot waardering dat *Casa Do Sol* ons Randjies altyd met oop arms verwelkom.



# AKADEMIE

## BESOEK AAN NWU

'n Groep **graad 12-leerders** het die geleentheid gehad om saam met *NWU Young Eagles* die wêreld van moontlikhede by NWU te ontdek. Die dag was propvol waardevolle inligting, nuwe insigte en heerlike bederf.






# KULTUUR

## REDENAARS

Ons redenaars het op 17 en 18 April by HS Linden aan die eerste uitdunronde van die ATKV Redenaarskompetisie Gauteng-wesstreek deelgeneem. Al die sprekers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Welgedaan, Randjies!






**Waldo du Plessis in graad 9** het van 15 tot 17 April aan die eerste ronde van *Con Spirito* se redenaarskompetisie in die Afrikaans Huistaal afdeling deelgeneem. Hy het **94%** vir sy oorredingstoespraak behaal. Welgedaan, Waldo, **so praat 'n mens!**

Ons praat
AFRIKAANS

# SING

Die Randjies het hulle sangtalent op 17 April by ons jaarlikse interaktiewe sang “quiz”-konsert, SING!, behoorlik ten toon gestel. Leerders en onderwysers van Hoërskool Randburg het pragtig gesing en die gehoor het saam *Kahoot* gespeel en groot pryse gewen. Baie geluk aan die gehoorlede wat die musiekvasvra baas geraak het en met die lekker geskenkmandjies weggestap het.



# DANS EN DRAMA

Op 17 April het **Malea Avis (gr. 10)** aan die jaarlikse *ShowUp* kompetisie te Wilge Teater in Pretoria deelgeneem. Sy het in die dans- en dramakategorie deelgeneem en het onderskeidelik met ’n **brons- en silwersertifikaat** weggestap vir haar demi-karakter ballet-item en haar Engelse “theatrical monologue”. **Baie geluk, Malea!**





# KOOR

Ons koor het op 18 April, op uitnodiging van die Jeugkoor van die Universiteit van Pretoria, aan die *Cantus*-fees in die Musaion-teater deelgeneem. Dit was ’n pragtige aand, gevul met uitstekende kore en wonderlike musiek. Ons is ongelooflik trots op elke Randjie wat daar was en die geleentheid so spesiaal gemaak het!



# VOORTREKKERS

Die vakansie was **sewe Randjies** wat deel vorm van die Unika Voortrekkers se graad 12-verkenners as jeuglede op kampe. Drie verkenners **(Carlo Snyman, Jana Greyling en Alexia van der Walt)** was op Thaba veldwerkkamp en het die Rigterskamp voltooi waar hulle drie spesialisasies verwerf het: Dienaar-leier, Burgerskap en Kommunikasie. Om vir Rigters genooi te word, moes hulle aan sekere vereistes voldoen het. Dit is voorwaar 'n spesiale geleentheid wat tot baie groei gelei het. Vier verkenners **(Louw Geldenhuys, Marius Fourie, Rouke Loubser en Ané le Roux)** het vir agt dae in die veld op Lunsklip kamp se Buitegroep oorleef. Ons is ongelooflik trots op die vier verkenners wat deurgedruk het en as oorwinnaars anderkant uitgekom het. Baie geluk aan al sewe verkenners wat Voortrekkers in murg en been uitleef!








**Die Pad na Presidentverkenner** – In Hoërskool Randburg is daar ’n aantal Verkenners wat al jare lank saam met hulle spanne kampe bywoon, staproetes stap en diensprojekte aapak. Nou staan hulle egter voor een van die grootste mylpale in hulle Voortrekkerreis: die Presidentsverkenner toekenning. Die eerste fase wat al hierdie Randburg Verkenners behaal het, is die Hoofleierswag-eksamen – wat hulle op 13 April 2026 tydens ‘n drie uur toets geskryf het.

Die Hoofleierswag-eksamen is belangrik omdat dit die laaste groot bewys is dat ’n Verkenner gereed is om as ’n volwaardige jong leier te staan. Dit is die punt waar die Voortrekkers sê: **“Ons vertrou jou. Jy het gewys jy kan die pad stap.”** Hoe pas dit by die Presidentverkennerproses in? Die Presidentverkennerproses is die hoogste erkenning wat ’n Verkenner kan bereik. Dit bestaan uit verskeie stappe, projekte en bewysstukke – alles op groei, diens en leierskap gerig. Die Hoofleierswag-eksamen is een van die kernvereistes in hierdie proses. Sonder dit kan ’n Verkenner nie sy of haar Presidentverkenner voltooi nie. Vir die Randburg Verkenners is dit die oomblik waar jare se harde werk begin vrugte dra. Die Hoofleierswag-eksamen is nie die einde van hul reis nie – **dit is die deur na die Presidentverkennerpad**.

## RANDBURG VERKENNERS:

- ★ Amy Erasmus
- ★ Jana Novella
- ★ Alexia van der Walt
- ★ Ruan Visser
- ★ Hayley-Ann Van Der Westhuizen
- ★ Merike Burger
- ★ Carlo Snyman
- ★ Louw Geldenhuys
- ★ Rouke Loubser
- ★ Diedrick Bekker
- ★ Ané le Roux
- ★ Jana Greyling
- ★ Marius Fourie





# SPORT

## BOOGSKIET

**Vian Botha (gr. 11)** het die naweek van 27 tot 29 Maart 2026 aan die 76ste *SA National Archery Championships* deelgeneem wat by Marks Park Sports Club in Johannesburg plaasgevind het. Die gesogte toernooi het 151 deelnemers van regoor Suid-Afrika gelok, asook internasionale skuts van Zimbabwe, Namibië en Kenia. Oor drie dae het deelnemers in kwalifiserende rondtes, uitskakelings en medaljewedstryde meegeding. Vian het in die ***Barebow* o. 18- kategorie** deelgeneem en met 'n uitstekende algehele telling die eerste plek behaal – en dus goud verower! **Baie geluk, Vian!** Ons is ongelooflik trots op jou prestasie!



## LUGGEWEER-SKIET

**Annabelle Kirstein (gr. 10)** het Gauteng op 10 en 11 April 2026 SAARA se Luggeweer-skiet Gauteng Kampioenskappe verteenwoordig – **en sy het behoorlik uitgeblink!**

- ★ 3P Presisie: **Goud (o. 16)**
- ★ 10 m Presisie Staan: **Goud (o. 16)**

Asof dit nie genoeg is nie, het sy ook 'n vol kaart in die lê-posisie geskiet – **'n merkwaardige prestasie**!

**Baie geluk, Annabelle! Ons is ongelooflik trots op jou!**





# SKUTS

**Chantal van der Bank (gr. 12) en Annabelle Kirstein (gr. 10)** het aan **SANSSU** se Top 80-kompetisie, wat in Vryheid, KwaZulu-Natal gehou is, deelgeneem. Ons is ongelooflik trots op hul prestasies!



Chantal het algeheel **derde** in die Lugpistool-afdeling geëindig en ’n **bronsmedalje** verower. Chantal het haar nie vir die toerspan verkiesbaar gestel nie, aangesien die toer se datums te naby aan haar rekordeksamen val.

**Ons is ongelooflik trots op hierdie twee skuts se uitstekende prestasies!**

Annabelle het algeheel **vierde** in die Presisie-afdeling geëindig en ’n vol kaart geskiet. Sy is ook gekies om in Augustus deel te wees van die span wat aan die British Junior International in Bisley, Brittanje gaan deelneem. Annabelle verdien ook haar **SANSSU-klere**.




## TWEEKAMP

**Megan Kleynhans (gr. 10)** het die naweek van 20 en 21 Maart 2026 aan die Suid-Afrikaanse Tweekamp Kampioenskappe wat in Oudtshoorn plaasgevind het, deelgeneem.

Sy het ’n uitstekende prestasie gelewer en ’n tweede plek in die dogters o. 17-afdeling behaal!

**Baie geluk, Megan! Ons is ongelooflik trots op jou!**








# EERSTE SPAN HOKKIE- EN NETBALMYLPALE

Baie geluk aan ons Eerste dogters- en seunshokkiespelers wat onlangs besondere mylpale in hul wedstryde bereik het. Dit is 'n groot prestasie wat getuig van harde werk, toewyding en konsekwente bydraes tot die spanne.

**100 Eerste span wedstryd**
- Jessica Hecter

**85 Eerste Span wedstryde**
- Daniella Kitching
- Chantal van der Bank


**75 Eerste Span wedstryde**
- Graeme Kitching
- Janrich Birkenstock
- Zivan Pruis

**50 Eerste Span wedstryde**
- Emil Koen
- Rigard van Wijk
- Ethan van Damme
- Ruben Jacobs
- Beaulah du Plessis










Die volgende netbalmeisies het elkeen hul 50ste Eerste span wedstryd tydens die Menlotoernooi bereik – 'n ware bewys van harde werk, deursettingsvermoë en passie vir die spel.

**50 Eerste Span wedstryde**
- Isabella Murison
- Nicolette Vorster
- Jade Müller
- Lara Boshoff



**Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle. Julle verteenwoordig ons skool met trots en stel 'n sterk voorbeeld vir die volgende generasie spelers.**



# NETBAL

Ons A-netbaloefengroepe het van 27 tot 30 Maart aan die gesogte Menlopark-netbaltoernooi deelgeneem as deel van hul voorbereiding vir die komende seisoen. Met die uitslae wat behaal is, het elke span waardevolle ervaring opgedoen teen sterk kompetisie en hul vaardighede verder opgeskerp. Ons is baie trots op die toewyding en spanwerk wat op die baan getoon is, en sien met groot afwagting uit na 'n belowende seisoen wat voorlê.



## HIERMEE DIE UITSLAE:

### Onder 14:

- **Wen** teen Ben Vorster
- Verloor teen Middelburg
- Verloor teen Sentraal
- Verloor teen Menlo
- **Wen** teen Lydenburg
- **Wen** teen Nylstroom
- **Wen** teen Hans Moore
- **Wen** teen Ermelo
- **Wen** teen Merensky
- **Wen** teen Potch Gim
- **Wen** teen Diamantveld

**Totaal = wen agt en verloor drie**

### Onder 15:

- Verloor teen Diamantveld
- **Wen** teen Dr Malan
- **Wen** teen Frikkie Meyer
- Verloor teen Secunda
- Verloor teen Brackenfell
- Verloor teen Merensky
- **Wen** teen Hans Moore
- Verloor teen Kempton Park
- **Wen** teen Potch Gim
- **Wen** teen DF Akademie
- Verloor teen Durbanville

**Totaal = wen vyf en verloor ses**

### Onder 16:

- Verloor teen Paarl Gim
- **Wen** teen Bloemhof
- Verloor teen Paarl Girls
- **Wen** teen Frikkie Meyer
- **Wen** teen Durbanville
- **Wen** teen DF Malan
- Verloor teen Menlopark
- **Wen** teen Potch Gim
- **Gelykop** teen Dr Malan
- **Wen** teen Sentraal
- **Wen** teen Secunda

**Totaal = wen sewe, een gelykop en verloor drie**

I ♥ Netball






















Onder 17:

- **Wen** teen Goudveld
- Verloor teen Capricorn
- Verloor teen Paarl Gim
- Verloor teen Secunda
- **Wen** teen DF Akademie
- Verloor teen Grenville
- **Wen** teen Hans Moore
- Verloor teen Paarl Girls
- Verloor teen Bellville
- Verloor teen Kempton Park
- Verloor teen Bloemhof

Totaal = Wen drie en Verloor agt




Eerste span:

- Verloor teen Worcester Gim
- **Wen** teen Lydenburg
- **Wen** teen Secunda
- **Wen** teen Stellenbosch
- **Wen** teen Middelburg
- **Gelykop** teen Potch Gim
- **Wen** teen Merensky
- **Wen** teen Die Punt
- Verloor teen Ben Vorster
- Verloor teen Bellville
- **Wen** teen DF Akademie

Totaal = Wen sewe, een gelykop en drie verloor
















# HOËRSKOOL RANDBURG B- EN C-NETBALTOERNOOI

Ons is uiters bevoorreg om jaarliks ons **eie B- en C-netbalfees** aan te bied. Hierdie fees groei elke jaar en bied aan spelers die geleentheid om hul vaardighede te ontwikkel, spanwerk te versterk en waardevolle wedstrydervaring op te doen. Vanjaar het altesaam 86 spanne deelgeneem, met meer as 800 spelers wat die bane met entoesiasme en sportgees gevul het.

Ons **B- en C-spanne** het weereens bewys dat harde werk en toewyding vrugte afwerp en hulle het ons skool met trots verteenwoordig.

**Die uitslae is soos volg:**

- **o. 14 B** eindig vierde uit 15 spanne
- **o. 14 C** eindig agtste uit 13 spanne
- **o. 15 B** eindig vierde uit 11 spanne
- **o. 15 C** eindig negende uit 10 spanne
- **o. 16 B** eindig derde uit 12 spanne
- **o. 17 B** eindig derde uit nege spanne
- **Tweede span** eindig 10de uit 12 spanne






**Ons is ongelooflik trots op elke speler se deursettingsvermoë, spanwerk en sportmanskap deur die loop van die naweek.**









# EERSTE NETBAL LIGA SKOP AF – RANDBURG TEEN TRINITY

Hoërskool Randburg het op 16 April ’n ongelooflike prestasie teen Trinity House Randpark gelewer deur al die wedstryde te wen!




WINNERS



Hiermee die uitslae:

- o. 14A **wen** 46–2
- o. 14B **wen** 36–3
- o. 14C **wen** 33–0
- o. 15A **wen** 21–4
- o. 15B **wen** 12–7
- o. 15C **wen** 21–1
- o. 16A **wen** 27–11
- o. 16B **wen** 35–3
- o. 17A **wen** 26–14
- Tweede span **wen** 21–16
- Eerste span **wen** 36–12



Baie geluk aan al ons spelers en afrigters – julle harde werk het beslis vrugte afgewerp. Dankie aan Trinity House Randpark vir goeie en mededingende ligawedstryde.

# RUGBY

Randburg het die naweek teen Hartbeespoort in die Virseker Noordvaal Cup uitgedraf — en wát 'n vertoning was dit nie!

Ons spanne het deurlopend uitstekend gevaar met beduidende oorwinnings:

- o. 14 A wen 12–10
- o. 14 B wen 41–7
- o. 15 A wen 41–0
- o. 15 B wen 24–12
- o. 16 A wen 45–0
- o. 16 B wen 36–0
- Derdes wen 15–0
- Tweedes wen 5–0
- Eerstes wen 33–0





'n Fantastiese spanpoging en 'n dag vol trots vir Randburg! Baie geluk aan al ons spelers en afrigters — julle harde werk word raakgesien!

# HOKKIE

**HOKKIE-UITSLAE VS CURRO AURORA (15 APRIL)** - 'n Goeie dag op die hokkieveld teen Curro Aurora! Ons hokkiespanne het alles gegee en puik wedstryde gelewer.



- **o.14-seuns**: 2–2 gelykop
- **o.15-dogters**: 1–2 verloor
- **Eerste spanseuns**: 3–3 gelykop
- **Eerste spandogters**: 13–0 gewen



**HOKKIE-UITSLAE VS FOURWAYS (17 & APRIL)**

'n Sterk dag op die veld met puik spanpogings deurgans!

**Seuns:**

**o. 14:** Verloor 1–2 (teen 'n junior span)
**Tweedes:** 0–0 (wedstryd uitgereën)
**Eerstes:** Wen 2–0

**Dogters:**

**o. 14:** Wen 7–0
**o. 15:** Wen 5–0
**Tweedes:** Wen 2–0
**Eerstes:** Gelykop 1–1




'n Spesiale dankie aan ons **o. 14-dogters** wat die Eerste span by hul wedstryd kom ondersteun het – **julle gees maak 'n verskil!**







Die hokkiespanne het sterk teen gedugte opponent meegeding. Baie geluk aan ons **Eerste seunsspan** met hul goeie **2–1-oorwinning** teen Secunda, asook ons **o. 15 A-dogtersspan** wat mooi met **1–0 teen Helpmekaar geseëvier het!** Ons is trots op elke speler wat nie gaan lê het nie en tot die einde met veggees op die veld gespeel het!




## SKAAK

Ons **o. 15- en o. 17-skaakspanne** het 21 April aan die eerste ligawedstryd deelgeneem wat as uitdunne vir die Gauteng Top Skolekampioenskappe dien wat in kwartaal 3 plaasvind. Ons het teen Vorentoe High School deelgeneem en ons spanne het goed gevaar. Die **junior span** het 11-1 gewen en die **seniorspan** het 5-7 verloor. Baie mooi, Randjies, dit was goeie wedstryde.







# FIETSRY

**Erik Breedt (gr. 12)** het vanaf 1 tot 6 April 2026 aan die Suid-Afrikaanse baanfietskampioenskappe by Bellville Velodrome deelgeneem. **Baanfiets gaan oor spoed, krag en taktiek.** Hy het in verskeie afdelings deelgeneem en fantastiese prestasies in die ouderdomsgroep, junior mans, behaal.

- ★ **Eerste** in *Elimination* afdeling
- ★ **Eerste** in *Individual Pursuit* afdeling
- ★ **Tweede** in *Points* afdeling
- ★ **Tweede** in *Omnium* afdeling










Tydens die naweek van 11 en 12 April het van ons **fietsryers** aan die *Gauteng Cycling XCC* en *XCO Youth Super League* reeks deelgeneem. Die wedrenne het by Thaba Eco Village in Mulbarton plaasgevind. Die gehalte van ryers by hierdie tipe wedrenne is baie hoog en die tegniese vereistes is meer uitdagend as by gewone bergfietsbyeenkomste. **Evan Naudé (gr. 10), Ty Breed (gr. 12), Llewellyn Hoar (gr. 11) en Ewald Eloff (gr. 11)** het namens die verskeie fietsryklubs waaraan hulle verbonde is, deelgeneem. Evan Naudé het op albei dae se wedrenne in sy ouderdomsgroep geseëvier. Tydens die *XCO*-wedren, wat oor 'n langer afstand plaasvind, het hy met 'n voorsprong van een minuut oor die wenstreep gery — **'n besondere prestasie in fietsry**.











# SWEM

Die *Swim South Africa* Vlak 3-streeksgala het van 27 tot 29 Maart 2026 by Hillcrest swembad plaasgevind. **Vier** van ons **swemmers** het met 'n vol program aan die gala deelgeneem.

**Larissa Bouwer:**

- 100m vryslag **Agtste plek**
- 200m rugslag **Vierde plek**
- 100m rugslag **Vierde plek**
- 200m Individuele wisselslag **Agtste plek**
- 50m vryslag **Sesde plek**
- 50m rugslag **Vierde plek**

**Luandré en Ruben Sutherland (gr. 8)** het ook deelgeneem en baie goeie ervaring in hul eerste vlak 3-streeksgala opgedoen. Luandré het vierde plek in die 200m individuele wisselslag behaal.

**Carli Coetsee:**

100m Borsslag **Vierde plek**

- 200m Rugslag 15de (persoonlike beste tyd met 6.4s)
- 200m Kruipslag 22ste plek (persoonlike beste tyd met 8.93s)
- 50m Borsslag 12de plek
- 100m Rugslag 24ste plek (persoonlike beste tyd met 1.78s)
- 200m individuele wisselslag 17de plek (persoonlike beste tyd met 11.08s)
- 50m Kruipslag 34ste plek
- 200m Borsslag **Tweede** (persoonlike beste tyd met 3.49s)
- 50m Rugslag 26ste plek
- 50m Vlinderslag 19de plek



# HENGEL

**Die Gauteng vierde liga-hengelkompetisie** het op ’n koue oggend by Riviera Vaaldam plaasgevind. Penne vir elke span is vroeg al deur die kapteins getrek en die dag het onder ideale toestande met geen wind en ’n spieëlgladde dam begin.

Teen 11:00 het die wind egter sterk van voor begin waai, wat uitdagende hengeltoestande geskep het. Ten spyte van hierdie moeilike weerstoestande, het al ons hengelaars tot die laaste fluit om 15:00 deurgedruk – ’n ware bewys van hul deursettingsvermoë en toewyding.



## Hoogtepunte & Resultate:

### Damesspan

Uitstaande prestasies:

- ★ Abi du Toit
- ★ Carmolita Reiners

### Seunsspan

Ses uit agt hengelaars het vis gevang

Dit was ‘n sterk spanpoging en goeie samewerking.

Randburg Hoërskool se **hengelaars** het hulself met trots gehandhaaf en gewys dat hulle bereid is om tot die einde toe te veg, ongeag die omstandighede. Dit is ’n voorreg om met sulke toegewyde en hardwerkende hengelaars te werk.





# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**







coolideas
YOUR FIBRE GUY





EASY HOME SECURITY FIXES
that make a big difference
FIDELITY SERVICES GROUP
ADT
Improve outdoor lighting
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent
Secure doors and windows
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access
Trim overgrown shrubs and trees
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back
Update your security company and test your system
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency
Use smart security solutions
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats
Create the illusion that someone is home
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail
Get to know your neighbours
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly
Think like a criminal
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?
Talk to your loved ones
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.
ADTsa
@FidelityADT
www.adt.co.za
www.fidelity-services.com
JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500


AVODAH
TUTOR CENTRE
•Elanie Myburg•
B.Ed Cum Laude
Registration no: 12459877
082 319 8900
avodahtutors@gmail.com
Graad 4 - 12
• Leerstylassesserings
• Akademiese evaluasies.
• Remidierende onderrig.
• Ekstra lesse (Alle vakke)
• Opsommings.
• Assessering voorbereiding.
• Eksamen voorbereiding.
• Toets-vraestelle.
• Taak ondersteuning.
CAPS
IEB
Florida Park
Skakel vandag!


TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics
verdien kinders om hulle
volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


CEDAR
SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS
OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Conditioning & weight loss
High performance training
Fitness assessment
Body composition
Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg


OFFICES
FOR RENT
Classic style residence renovated into professional office space and maintained by the owner available for long-term rent.
Magriet Barnard
083 458 8257
Contact Now
magriet@solvit.co.za


BOARDROOM
FOR RENT
Classic style residence renovated into professional office space and maintained by the owner available for long-term rent.
Magriet Barnard
083 458 8257
Contact Now
magriet@solvit.co.za


Wiskunde Geletterdheid
ekstra klasse
Vir graad 10-12
Verkieslik
afrikaans, maar
kan in engels ook
help.
Kontak Dané by
076 810 1334 vir
meer inligiting
Your paragraph text



# MEI 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| | | | | Werkersdag | Rugby vs Brits (w) | Tafeltennis – Danie v Zyl gemeenskapssentrum |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| Toets 6<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>A Capella oefening<br>Mej Randburg oefening 18:00-20:00 | GR 12 RTT Prakties 06:30<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Koor oefening<br>Netheidskontrole<br>Fietsry Kaptein aand Lynwood Cyclelab<br>Netbal: JOMO vs KHS (w)<br>Skaak vs Trinityhouse Randpark Ridge (t)<br>Mej Randburg oefening 15:30-17:30 | Toets 7<br>Dogtershokkie vs Fourways<br>Seunshokkie vs Redhill<br>Robotika 14:00<br>Mnr & Mej Randburg kleedrep 15:00-22:00<br>Skaak vs Pinnacle College Linden (t)<br>Bloedskenk in Saal | Mnr & Mej Randburg Atrium | Gr 10 Geo uitstappie<br>RNA<br>Landloop: Liga 3<br>Skiet EGOLI Ope | Koor: Noordheuwel Koorfees<br>Rugby vs Wagpos (t)<br>SANESA Gauteng 3<br>Fietsry Byeenkoms 1<br>Skiet EGOLI Ope<br>Skaak: Alex Forbes uitdunne (aanlyn) | SANESA Gauteng 3 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| Toets 8<br>Admaths Eksamen LO Saal<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Landloop: Liga 4<br>A Capella oefening<br>Tienertoneel interne optrede | Gr 12 FW Prakties<br>Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>ATKV Applous – Skoolsaal<br>Skaak vs Rooseveld High School (w)<br>Gr 11 Toerisme Uitstappie Hartebeespoort | Gr 10 Rek opdrag (Skoolsas 06:30)<br>Robotika 14:00<br>Gr 11 Geo uitstappie | Toets 9<br>Netbal: JOMO vs Northcliff (w)<br>Tienertoneel interne optrede | Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Landloop: Liga 5<br>Landloop: Menlo Aflos | HSRB Ma en dogteroggend<br>Rugby vs Fochville (w)<br>Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Skiet SAARA OVL<br>Skaak: Cluster Individuele Finale rondte | Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Skiet SAARA OVL |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| Admaths Gr 8-12<br>Eksamen Gr 8-11 begin<br>Landloop: Liga 6 | | Dogtershokkie vs Dainfern<br>Derby Worshipaand Doxa Linden | Netbal: Derby vs Linden (t) | RNA<br>Dogters en Seunshokkie Derby vs Linden | Rugby Derby vs Linden (t) | Visvang |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |
| Landloop: Span Finaal | | Netbal: Playoffs<br>Rugby Derby Fonties vs Unika by Unika | Interdistrik netbaluitspele (t)<br>Netbal: Cluster Playoffs<br>Unika Hokkie kliniek Astro 14:00-16:00 | Seuns en Dogtershokkie – Greatz liga finaal (w)<br>Landloop: Indvidueel finaal | Rugby (loslootjie)<br>Skaak: Distrik Individuele Finale rondte | Tafeltennis Danie v Zyl gemeenskapssentrum |